

Verlede, hede en toekoms tot God se eer (I Pet 4:1-11)

Gebed

O God, ons wil U in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort vir ewig en ewig.

Ons bely ons het baie gesondig in die verlede, maar ons dank U dat daardie lewe verby is. Dankie vir die verandering wat U, deur U Gees, deur U Woord in ons harte gebring het. Ons is so dankbaar, dat ons mekaar wil bedien met dit wat ons van U ontvang het. Ons wil onophoudelik en van harte liefhê.

O Here, die einde is op hande. Gee tog dat die van hulle wat vandag hier luister en nog nie van harte en onophoudelik liefhet nie, nog nie ten voll vertroue en leef soos wat U beloof in U Woord nie, vandag, deur U Gees, aangeraak salword. Gee dat almal U Naam sal verheerlik.

Amen.

Skrifoordenking

1. Omdat jy jou laat lei, het jy genoeg gehad dat jy nie meer meedoen

:1-2 **Laat jou lei deur die wil van God** deur die Heilige Gees.

3 *Immers, julle het*

in die tyd wat verby is,

al oorgenoeg deel gehad aan dit wat die heidene wil doen:

uitspattigheid, begeerte, dronkenskap,

brassery, drinkpartytjies en verfoeilike afgodediens.

4 Hulle **verstoor** hulle daaroor

dat julle nie meer meedoen aan hierdie selfde stroom losbandigheid nie,

en sê lasterlike dinge —

5 hulle sal **rekening moet gee**

aan Hom wat gereed staan om oor lewendes en dooies te oordeel. (I Pet 4:3-5)

Petrus het die afgelope twee dae vir ons gewys dat die verlossingswerk van Jesus Christus, die grond is van ons verlossing en die rede hoekom ons nie bang moet wees in swaarkry en vervolging nie. Dit het oorgevloei in die gevolgtrekking van 4:1-2 **Laat jou lei deur die wil van God** deur die Heilige Gees.

As ons dan nou hier in verse 3-5 kyk hoe lyk so persoon wat hom deur die wil van God laat lei, dan lyk dit so:

3 *Immers, julle het ...*

al oorgenoeg deel gehad aan dit wat die heidene wil doen...

dat julle nie meer meedoen aan hierdie selfde stroom losbandigheid nie,

2. Hulle laster en sal rekenskap moet gee aan Hom

Dan wys hy ons ou lewe en wat die heidene doen:

uitspattigheid, begeerte, dronkenskap, brassery, drinkpartytjies en verfoeilike afgodediens.

Dit was ons ook vandag sien, is dus duidelik nie uniek tot die twintigste eeu nie...

Vir die persoon wat verander is deur die reddingswerk van Jesus Christus is sulke optrede verlede tyd!

4 Hulle *verstom* hulle daaroor

dat julle *nie meer meedoen* aan hierdie selfde *stroom losbandigheid* nie,
en *sê lasterlike dinge* —

In die gedeelte wat Petrus ons geleer het van heiligheid, het hy telkens uitgewys dat die gelowige se optrede die ongelowige die goeie werke moet laat sien en hulle so tot inkeer laat kom. Hier wys hy ons dit gebeur nie altyd nie en lei selfs dan tot vervolging en swaarkry:

5 hulle sal *rekenskap moet gee*

aan Hom wat gereed staan om oor lewendes en dooies te *oordeel*

Dan bemoedig Petrus jou, dat, al lyk dit vir jou of hulle lekker lewe en jy swaakry, dit maar tydelik is. Hulle gaan geoordeel word. Selfs al is dit eers na hulle dood.

As jy die lees moet jy onthou dat ons anders is, net op grond van Christus se verlossingswerk. Ons het ook die straf verdien...

1Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes 2wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.

3So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur *sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.* (Ef 2:1-3, 1983)

3. Die evangelie is verkondig sodat hulle (en jy) na die gees kan leef

6 Dit is immers waarom *die evangelie*

ook aan hulle wat reeds dood is,

verkondig is,

sodat,

al sou *hulle* wel volgens menslike maatstaf na die liggaam *geoordeel* word,
hulle volgens die maatstaf van God na die gees kan leef. (1 Pet 4:6)

Dan wys Petrus ons dis juis hoekom die evangelie, die grond van ons verlossing en veranderde lewe, verkondig is. Daar staan

6 Dit is immers waarom *die evangelie* ...

verkondig is,

sodat, ...

*hulle volgens die maatstaf van God
na die gees kan leef. (1 Pet 4:6)*

Niemand het 'n verskoning vir die oordeel nie. Almal verdien dit. Hulle het ook die evangelie gehoor en dit is al wat hulle nodig het om anders te kan leef. Selfs die wat reeds dood is, soos die mense in Noag se tyd, het die evangelie gehoor.

Almal gaan na die liggaam geoordeel word en verdien die straf, maar die wat die evangelie glo, kan hulle deur die wil van God, deur die Gees laat lei.

Ons het netnou gesien Ef 2 het gewys ons verdien ook die straf. Direk daarna staan “**maar**”
4Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. 5Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! (Ef 2:4-5, 1983)

4. Die einde is op hande, daarom moet julle mekaar innig liefhê

7 Die einde van alle dinge is op hande.

Daarom

*moet julle selfbeheersd en nugter wees,
met die oog op gebed.*

*8 Bo alles moet julle mekaar innig liefhê,
omdat “die liefde 'n menigte sondes bedek”.*

9 Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te mor. (1 Pet 4:7-9)

Omdat daardie oordeel, die einde van alle dinge, oppad is, gee Petrus 'n dringend oproep op sy lesers:

7 Die einde van alle dinge is op hande.

Daarom ...

8 Bo alles moet julle mekaar innig liefhê,

Die voetnota in die 2020 vertaling wys daarop dat “innig” ook met “onophoudelik” vertaal kan word. Ons het vandag begin met die oproep: Laat jou lei deur God se wil. Paulus beskryf die liefde as die volle uitvoering van die wet:

8Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. 9Al die gebooie: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” 10Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet. (Rom 13:8-10)

Die rede vir hierdie onophoudelike innige liefde gee Petrus deur as:
omdat “die liefde 'n menigte sondes bedek”.

Ons kry iets soortgelyk in Spreuke: *12Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee. (Spr 10:12)*

Hierdie bedek van sondes, is nie die soort waar jy, uit sogenaamde liefde, maar wegkyk van jou medegelowige se sonde, of dit onder die mat insee nie. In bundel W saam met Petrus en Hebreërs, word Jakobus ook behandel. Jakobus help ook baie met die hantering van swaarkry. Jakobus is mos die een wat vir ons wys dat ons geloof tot daad moet oorgaan. Hoor hoe beskryf hy hoe die liefde, menige sondes bedek:

19 My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring,
20 weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, *hom uit die dood red* en maak dat 'n *menigte sondes vergewe word*. (Jak 5:19-20)

Die res van die aanmoediging lees dan:

julle *selfbeheersd en nugter wees*,
met die oog op gebed.

en

9 *Wees gasvry* teenoor mekaar sonder om te mor.

5. **Bedien mekaar sodat God verheerlik kan word**

10 *As goeie bestuurders*

van die *veelvoudige genade van God*

moet julle mekaar bedien

in ooreenstemming met die *genadegawe wat elkeen ontvang het*:

11 *As iemand aan die woord is,*

laat dit soos **woorde van God** wees;

as iemand *dien,*

laat dit wees *vanuit die krag wat God voorsien,*

sodat

God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus,

aan wie die heerlikheid en die krag behoort vir ewig en ewig. Amen. (I Pet 4:10-11)

Paulus sluit af met die rede vir sy hele argument:

10 *As goeie bestuurders (bedienaars, 1983 en 1953, stewards ESV)...*

moet julle mekaar bedien...

sodat...

God in alles verheerlik kan word

Dit is nie net die rede vir die opdrag om mekaar te bedien nie, dit is ook die rede vir Jesus Christus se verlossingswerk, ja, die rede vir jou hele bestaan.

Jy is 'n bedienende bestuurder van daardie genade

Jy moet daardie genade wat jy ontvang het uitdeel

Party het meer die gawe om die woord te verkondig

Ander doen dit deur hulle diensbaarheid

en dit kan jy net uit Sy krag doen.

Soos Paulus dit stel:

31 *Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. (I Kor 10:31)*

Jou hart is dan so vol vreugde van die genade dat jy nie anders kan om daardie doel van jou lewe uit te basuin nie:

*God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus,
aan wie die heerlijkheid en die krag behoort vir ewig en ewig. Amen.*

Samevatting

Gister het geëndig met die opsomming:

Laat jou lei deur die wil van God deur die Heilige Gees

Vandag het ons gesien:

Die verlede se sondige lewe is verby

Die evangelie is verkondig

sodat hulle (en jy) na die gees kan leef

Die einde is op hande,

daarom moet julle mekaar innig liefhê

Bedien mekaar

sodat God verheerlik kan word

Ons sou soos ander mense gestraf moes word

maar ons het die evangelie ontvang: Uit genade is ons gered!

Nou is ons harte verander en daarop geskryf: Die liefde is die volle uitvoering van die wet

Bedien dit wat jy ontvang het alles tot eer van God!

Daarom ons tema vir vandag:

Verlede

Hede

en toekoms

tot God se eer!

6. Oordenking

Ek besef dis maklik om op hierdie punt net die video af te sit en aan te gaan. Die eintlike impak van die Woord kom eers as jy self dit oordink het. Jy sal veer meer hieruit kry as jy wel die tyd maak vir persoonlike oordenking.

Hierdie gedeelte het opgeloop na die uitroep: dat *God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid en die krag behoort vir ewig en ewig. Amen.*

Dink weer oor die gedeelte na en skryf neer wat dit is wat jou ook so laat oorfloei in lofprysing.

7. Dankbaarheid

Die lofprysing kom uit dankbaarheid. Petrus was weer baie prakties en spesefiek in sy opdragte van dankbaarheid wat gewortel is in die innige en onophoudelike liefde. Wat se een liefdesdaad, wat jy ontvang het, gaan jy vandag aan iemand anders bedien?

8. Aanbidding

Sluit die sessie af in gebed soos die Gees jou lei. As jy hulp nodig het, vat die gedeelte wat jou vandag die meeste geraak het en bid daardie Bybelteks as afsluiting van die sessie.

Vrede vir jou